
# JULIUS RÖNTGEN
## (1855 — 1932)

Deur JAN BOUWS

## 'N INTERESSANTE NALATENSKAP — KOORBEWERKING VAN 'N GEDIG VAN JAN CELLIERS



Dr. Julius Röntgen, na 'n tekening van die skilder Jan Boon in 1931. (Reproduksie met vriendelike toestemming van die kunstenaar.)

PARTYMAAL is 'n ondersoek in die nagelate werke van komponiste aanleiding tot verrassende ontdekkings. Dit lyk amper ongelooflik dat die beroemde B-mineur-simfonie van Schubert (die „Onvoltooide") pas in 1865 bekend geword het, terwyl ook sy C-majeur-simfonie eers tien jaar (dus in 1838) na sy dood deur Schumann se bemoeiinge tot opvoering gekom het. Tot die nalatenskap van Chopin behoort sy laaste walse, Nocturnes en Mazurkas. Teenswoordig bestaan van die meeste belangrike komponiste volledige lyste van hul gedrukte en onuitgegewe werke, sodat dit uitgeslote lyk dat daar nog werke vir die belangstellende nageslag verberg bly.

Ook Julius Röntgen het komposisies nagelaat. By die Grieg-Röntgen-herdenking in die Concertgebouw in Amsterdam, enkele dae na die dood van Röntgen (gest. 13 Sept. 1932) bevat die program die volgende berig: „Een groote, nog onoverzienbare reeks van composities laat Julius Röntgen na." Twee jaar later druk mev. Röntgen die volledige lys van 13 bladsye af agter in haar boek, „Brieven van Julius Röntgen, verzameld door A. Röntgen-Des Amorie van der Hoeven." (Uitgawe H. J. Paris, Amsterdam, 1934.) In hierdie lys ontbreek egter die koorwerk wat *Die Huisgenoot* deur die vriendelikheid van mev. Röntgen kan publiseer en waarvan die teks deur die komponis ontleen is aan Celliers se gedig „Komaan." Daarmee tree Julius Röntgen dus in die ry van nie-Afrikaners wat deur die Afrikaanse poësie geïnspireer word. Hierdie ry is aansienliker as algemeen veronderstel word. Meer of min bekend is wel die liedere van Anna Lambrechts-Vos, Emiel Hullebroek, J. P. Wierts en H. C. van Oort. Daar bestaan egter ook 'n geestige tweestemmige kinderkoor met klavierbegeleiding, „Waghondjies," van Cornelis Dopper, wat ook 'n reeks meesterlike kore op woorde van A. D. Keet gekomponeer het. „Klaas Vakie," van A. D. Keet is behalwe deur Dopper en Wierts vir sang en klavier geskrywe deur Marius Kerrebijn, terwyl dr. Rudolf Mengelberg een van die komponiste is van Celliers se „Dis al."

Net soos dr. Rudolf Mengelberg is Julius Röntgen Duitser van geboorte. Sy vader, Engelbert Röntgen (geb. in Deventer) het hom na sy vioolstudies in die beroemde musieksentrum Leipzig, in hierdie stad gevestig, waar hy in 1853 in die huwelik tree met die klavierspeelster Pauline Klengel. Deurdat hy in 'n uitsonderlik musikale sfeer opgegroei het, terwyl hy self reeds jonk van sy eie musikaliteit blyk gegee het, was daar vir die jong seuntjie dus al die moontlikhede om 'n wonderkind te word. Sy ouers is egter in hierdie opsig baie waaksaam. Wel word daar aan die klavier met sy moeder en op die viool met sy vader geoefen en komponeer die seuntjie al voor sy tiende jaar daar lustig op los, maar eers pas in 1866 begin sy werklike teoretiese studies by die Thomascantor Hauptmann en gaan sy musikale ontwikkeling in 'n snel maar tog reëlmatige tempo. By 'n besoek aan Liszt in Weimar toon die „Geweldige" dan ook groot belangstelling vir die prestasies van die veertienjarige komponis. Sy debuut was al 'n jaar vroeër op die Rynse Musiekfees in Düsseldorf. Tog begin sy loopbaan as volwasse musikus pas na sy suksesvolle konsert in Hamburg, in 1873. In dieselfde jaar trek hy as klavierbegeleier van die Schubertsanger Julius Stockhausen deur Suid-Duitsland. Die sukses wat hy as sodanig behaal, is die voorspel van die geesdrif van die toehoorders by sy latere konsertreise met die Nederlandse sanger Johan Messchaert.

Sedert 1878 maak Röntgen deel uit van die leraarkorps van die Amsterdamse Musiekskool en gee hy meer as 'n halwe eeu sy entoesiaste werkkrag aan die opbloei van die Nederlandse musieklewe. Die musiektoestande in die Nederlandse hoofstad was in daardie jare nog ver van volmaak. Die jong musikus was baie ontsteld toe hy by 'n uitvoering onder Verhulst van Bach se „Mattéüspassie" die soliste met blomme sien en die publiek by die deel: „En hy het buitentoe gegaan en bitter geween," met 'n stormagtige applous die tenoor drie maal laat buig. Gelukkig staan daar die opvoerings van Brahms teenoor, wat in dié jare reeds baie populêr in Nederland was. Röntgen, wat in 1873 nog taamlik heftig oor die musiek van die Hamburg-Weense meester oordeel, was in sy Amsterdamse begin al 'n ywerige Brahms-propagandis. Na Röntgen se huwelik met die Sweedse violiste Amanda Maier, was Brahms by sy Amsterdamse besoeke 'n welkome gas in die huis Van Baerlestraat 13. Later doen Brahms moeite vir die uitgawe van 'n orkeswerk („Ballade oor 'n Noorse volkslied") van Röntgen, waaruit seker sy groot waardering vir die 36e werk van die Amsterdamse komponis spreek, en nie minder by die aanvaarding van die opdrag van hierdie stuk nie.

In die eerste tien jaar, die tyd van *De Nieuwe Gids*, val verskillende belangrike gebeurtenisse van die Amsterdamse musieklewe: die oprigting van die konservatorium, die aftrede van die dirigent Johannes Verhulst en die inwyding van die nuwe „Concertgebouw." Röntgen neem aan hierdie veranderings met groot ywer deel. Die klavierlesse aan die nuwe konservatorium kom onder sy leiding, ook die Toonkunskoor vra gedurende twaalf jaar sy kragte. Hy begin dan sy propaganda vir die musiek van sy vriend Edvard Grieg, wat in 1883 vir die eerste keer na Amsterdam kom om sy Klavierkonsert te speel. Die kennismaking dateer reeds uit die Leipzigse jare van die Noorse komponis, wat net soos baie ander nie-Duitse musici van daardie periode hul musiekstudie aan die beroemde konservatorium voltooi. Na die Amsterdamse besoek groei daar tussen die beide manne 'n hegte vriendskap. 'n Hartlike briefwisseling (die Griegse is in 1930 deur Röntgen by J. Ph. Kruseman, 's-Gravenhage; die Röntgense deur mev. Röntgen in 1934 by H. J. Paris, Amsterdam, uitgegee) is daar die getuie van. 'n Hoogtepunt in hul lewe moet wel die konsert in Weenen in 1896 gewees het, waarop die Nederlandse duo Messchaert-Röntgen Brahms se „Feldeinsamkeit" uitgevoer het, met die komponis en Grieg op die podium. Hulle toon ook begrip vir mekaar se werkmanier, ook al is dit in baie opsigte afwykend van mekaar. As Röntgen in 1897 sy bewerkinge van ou Hollandse boereliedjies vir viool en klavier vir sy Noorse vriend stuur, skrywe laasgenoemde terug: „Eenvoudig en kragtig moet die opvatting wees, en só het jy ook in hierdie sin die klavier voortreflik behandel. Die baie klein nabootsings is steeds reg. Dit is in elke opsig die suiwere teenstelling tot my volksliedere-bewerkings. Wie weet, miskien is jy reg en ek verkeerd! Dog weg met die pessimisme! Ons is mos altwee reg — dit is die geheim." As Grieg in Duitsland die „Noorse Ballade vir Orkes" van sy vriend hoor, skrywe hy dat hy bly is dat „die Röntgenstrale oral deurdring, en jammer genoeg tot vandag so min gewaardeer skyn te wees."

Hoewel Röntgen so langsamerhand tot die ouer generasie behoort, skyn sy werkkrag nog altyd onverminderd. In 1913 volg hy Dan. de Lange op as Direkteur van die Konservatorium, waarvan hy self een van die oprigters was. Sy komposisies op amper elke gebied van die toonkuns (tot die opera toe) vertoon in die volgende jare egter nog 'n vermeerdering in aantal. Enkele daarvan word bekroon in Amerika. Met opregte voldoening kan hy as amper 58-jarige skrywe: „So waai frisse wind in die seile." Twee jaar later is dit: „Vir my verjaardag het ek vir my 'n vrolike Stryktrio (in D-maj.) geskrywe as protes teen die sestig jaar."

Met dieselfde jeugdige vuur, waar niks kunsmatigs aan is nie, werk hy aan die musiek van die folkloristiese films van D. J. van der Ven, soos hy dit reeds sy hele lewe gedoen het aan die bewerking en verspreiding van die ou Nederlandse lied. En as die sewentigjarige sy konservatorium vaarwel sê om te geniet van die rustiger sfeer van sy landhuis „Gaudeamus" in Bilthoven, beteken dit vir hom seker nie die end nie. Sy lewendige gees stel hom in staat krities èn waarderend te wees teenoor musiek van die allerlaaste jare. In kursusse analiseer hy vir

(*Vervolg op bladsy* 45.)

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

Jan F. E. Celliers. **KOMAAN!** Julius Röntgen.




Regte voorbehou.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012

# JULIUS RÖNTGEN

(*Vervolg van bladsy* 34.)

belangstellendes die werke van die nuwe leiers: Strawinsky, Hindemith en Pyper. En as die Edinburgse universiteit hom in 1930 die eredoktoraat verleen, komponeer hy, net soos Haydn en Brahms, tot dank 'n orkeswerk, wat hy self uitgevoer het.

Röntgen het die geluk gehad om te sien hoe die seuns uit sy eerste èn sy tweede huwelik (in 1897 is hy, drie jaar na die dood van sy eerste vrou, in die huwelik getree met 'n dogter van die predikant Des Amorie van der Hoeven) die tradisie van sy geslag hooghou. As violiste, klavierspelers, celliste en komponiste word hulle gereken tot die vooraanstaande musici van Nederland, wat met eer die naam dra van die man van wie die Russiese violis Alexander Schmuller gesê het dat elke sekonde van sy lewe vervul was van musiek.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012